Western Cape Government

Wes-Kaap Onderwys Departement

TOERISME

HULPBRONNEPAKKET
KWARTAAL 1

2025

Graad 10

Hierdie hulpbronnepakket is ontwerp om jou te ondersteun in die hantering van die belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die komende termyn gedek sal word. Die doel is om jou te help om sleutelkonsepte te verstaan, die vereiste standaarde te vestig, en die kennis toe te pas wat nodig is om in jou werk en assesserings suksesvol te wees.

GEBRUIK HIERDIE HERSIENINGSBOEK/STUDIEGIDS TESAME MET JOU HANDBOEK

INHOUDSOPGAWE

Wat is ‘n toeris?	**Bladsy 1**
Redes waarom mense reis	**Bladsy 2**
Toeriste en Toeriste Profiele	**Bladsy 3**
Tipes Toeriste	**Bladsy 4 - 5**
Verskillende Tipes Vervoer	**Bladsy 6 - 7**
Verskillende Soorte Akkommodasie	**Bladsy 8 - 9**
Die Suid Afrikaanse Gradering Stelsel	**Bladsy 10**
Terminologie in die Akkommodasie Sektor	**Bladsy 11 - 12**
Kos- & Drankondernemings	**Bladsy 13 - 14**
Toeriste Attraksies	**Bladsy 15 - 16**

Wat is Toerisme?

Toerisme is die studie van aktiwiteite, dienste en nywerhede wat 'n reiservaring bied. Dit bestaan uit verskillende sektore soos vervoer, gasvryheid, ondersteuningsdienste en besienswaardighede. ✓✓

Verduidelik die verskil tussen Inkomende en Uitgaande Toerisme

Inkomende toeriste reis na 'n land vanuit 'n ander land. ✓ Byvoorbeeld, 'n toeris van Engeland wat na Suid-Afrika reis om by vriende en familie te kuier. ✓

Uitgaande toeriste reis vanuit hul tuisland om 'n ander land te besoek✓. Byvoorbeeld, 'n Suid-Afrikaanse sakeman wat na Engeland reis om 'n internasionale sake konferensie in Londen by te woon. ✓

Plaaslike Toerisme, Streekstoerisme en Internasionale Toerisme

Plaaslike Toerisme: Mense wat reis binne hul eie land. ✓ Die Johnson-familie het byvoorbeeld vanaf Kaapstad na Vrystaat, Gauteng gereis en daarna hul reis beëindig in die Limpopo provinsie. ✓

Streekstoerisme: Mense wat in 'n spesifieke geografiese gebied of streek reis. ✓

Byvoorbeeld, 'n Suid-Afrikaanse toeris wat na die Suider-Afrikaanse streek reis, besoek lande soos Botswana en Zimbabwe. ✓

Internasionale Toerisme: Mense wat buite hul land van verblyf reis. Hulle kruis 'n internasionale grens met paspoortbeheer. ✓ Toeriste wat byvoorbeeld vanaf Frankryk reis om die Olimpiese Spele in Tokio, Japan by te woon. ✓

Wat is 'n Toeris?

'n Toeris reis langer as 'n dag weg van die huis af, maar minder as 'n jaar. ✓✓

Hoekom reis mense? (redes)

Toeriste het verskillende behoeftes, voorkeure en verwagtinge. Sodra mense tevrede is met die bevrediging van hul basiese behoeftes (soos kos, drank, skuiling, werk) dan poog hulle om 'n hoër vlak van behoeftes en begeertes te bevredig. ✓✓

Dit sluit in reis om te leer. Of dit nou die aanleer van ‘n nuwe taal is, of om te leer oor 'n gebied se geskiedenis of kultuur, kan reis ons baie verskillende dinge leer. ✓✓

Ons reis om te ontsnap. Reis bied 'n oombliklike breek van ons normale daaglikse lewens.Ons reis om nuwe dinge te ontdek, om nuwe vriende te maak, om uit nuwe ervaringe te leer. ✓✓

Toeriste behoeftes, voorkeure en verwagtinge.

Toeriste reis vir verskillende redes, wat verskillende behoeftes, voorkeure en verwagtinge het, wat 'n impak sal hê op die reiservaring wat hulle wil hê.

Watter faktore moet in ag geneem word by die beplanning en reël van 'n vakansie?

Hierdie faktore is:

Persoonlikheid ✓

Ouderdom ✓

Kulturele, godsdienstige of ander spesiale behoeftes ✓

Hoeveel geld is hulle bereid om te spandeer ✓

Hoeveel tyd hulle beskikbaar het ✓

Wat hul belangstellings is. ✓

Beskryf die tipes Toeriste en hul toeriste profiele

Wenk: Toeriste word geklassifiseer volgens hul behoeftes en die redes waarom hulle reis.

Besoek Vriende & Familie (“VFR”)

Toeriste wat vriende en familie besoek, wil kontak met vriende en familie behou en reis weg van die huis af om hulle te besoek. ✓ Hierdie toeriste kan reis om 'n troue, 'n begrafnis of verjaarsdagviering van vriende en familie by te woon, of sommer net om by hulle te kuier. ✓

Ontspanningstoeriste

Die hoofrede vir ontspanningsreise is om weg te breek van die alledaagse lewe.✓Voorbeelde van ontspanningsreise is om op die strand te ontspan of om op begeleide toere te gaan en plaaslike toeriste-aantreklikhede te besoek. ✓

Avontuurtoeriste

Toeriste neem aan avontuuraktiwiteite deel wat 'n sekere mate van risiko inhou. ✓ Dit kan aktiwiteite insluit soos bergklim, rekspring, bergfietsry, kanovaart, skubaduik, vlotvaart, kajak ry, “Ziplining”, ens. ✓

Besigheidstoeriste

Reis wat verband hou met besigheid en/of die werksplek. ✓

VAKU-toeriste (Vergaderings, Aansporing, Konferensies & Uitstallings) is almal redes waarom mense vir besigheidsdoeleindes reis. ✓

Inkopietoeriste

Reise na winkelsentrums, kuns- en kunsvlytmarkte ens. met die hoofdoel om items te koop wat nie noodwendig in hul eie land of area beskikbaar is nie. ✓✓

Gesondheidstoeriste

Reise na 'n spa of instellings wat gespesialiseerde mediese behandeling bied. ✓ Toeriste ondergaan mediese prosedures wat goedkoper is in 'n ander land of hulle reis om te herstel van 'n siektetoestand in 'n gesonder klimaat. ✓

Eko-toeriste

Ekotoeriste besoek skilderagtige natuurskoon of afgeleë plekke in die natuur. ✓ Dit is vir ekotoeriste belangrik om die negatiewe impak op die omgewing wat hulle besoeken op die plaaslike inwoners te verminder. ✓

Kulturele toeriste

Kulturele toeriste wil meer oor verskillende kulture leer, ontdek en ervaar. ✓ Hulle sal byvoorbeeld kultuurfeeste soos die Nasionale Kunstefees in Grahamstad bywoon of 'n kulturele dorpie besoek om meer oor die kultuur in daardie area te leer. ✓

Godsdienstoeriste

Toeriste reis na plekke van godsdienstige belang vir geestelike verryking, soos om op 'n pelgrimstog te gaan of godsdienstige monumente en artefakte te besoek. ✓ Voorbeelde van godsdienstige besienswaardighede sluit die St Peter Basilika in die Vatikaanstad in Italië of Mekka in Saoedi-Arabië in. ✓

Sport- en Tydverdryftoeriste

Verwys na reis met die doel om toeskouers by, of deelnemers aan ‘n sportbyeenkoms te wees. ✓ Gewilde sportgeleenthede sluit die Sokker Wêreldbeker, Rugby Wêreldbeker en Wimbledon Tenniskampioenskap in. ✓

Onderwystoeriste

Reis met die doel om by 'n onderwysinstelling in 'n ander dorp, stad of land, te studeer om 'n kwalifikasie te verkry of te verbeter. ✓

Dit kan ook toeriste insluit wat reis om werkswinkels / konferensies by te woon om nuwe vaardighede aan te leer of bestaande vaardighede te verbeter. ✓

Spesifieke Belangstellingstoeriste (SBT)

Spesieke belangstellingstoeriste wil aan aktiwiteite wat hulle interesseer, deelneem of dit ervaar. ✓ Hierdie toeriste maak 'n klein, maar belangrike deel van die toeristemark uit. Hulle staan bekend as 'nismark'-toeriste en sluit toeriste in wat 'n besondere belangstelling in aktiwiteite soos voëlkyk, kos en wyn, nagfotografie of eksotiese blomme het. ✓

Aansporingsbonus-toeriste

Toeriste wat deur hulle werkgewers beloon word vir harde werk omdat hulle die maatskappy se doelwitte bereik het. ✓ Voorbeelde van aansporingsbonusse kan vakansies wat deur die maatskappy betaal word, insluit. Byvoorbeeld: 'n Verkoopskonsultant met die hoogste verkope in die maatskappy, ontvang 'n vakansiepakket waarvoor die maatskappy ten volle betaal. ✓

Rugsakreis / Jeugreis

Die meeste rugsakreisigers is jongmense en rugsakreise word dikwels onderneem gedurende hulle gapingsjaar. ✓ Rugsakreisigers het ‘n beperkte begroting en reis “lig en goedkoop”. Ouer mense onderneem ook soms rugsakreise tydens 'n onderbreking in hulle loopbane of na aftrede. ✓

Gapingsjaartoeriste

'n Gapingsjaar verwys na die tydperk tussen hoërskool en verdere studies of loopbaankeuses. ✓Gapingsjaartoeriste reis om die wêreld te sien en/of werkservaring op te doen voordat hulle vir verdere studies by 'n kollege/universiteit inskryf of 'n nuwe werk / hoofstuk in hulle lewe begin. ✓

Noem en Beskryf die Vier Verskillende Tipes Vervoer

Die VIER hoof-tipes vervoer is: pad-, spoor-, lug- en watervervoer.

Toeriste gebruik ook buitengewone vorme van vervoer vir ‘n eiesoortige toerisme-ervaring.

PADVERVOER✓

Private motors; gehuurde motors

Luukse toerbusse; besigtigingstoerbusse; minibustaxi’s;

metertaxi’s, pendelbusse; Uber ✓✓

SPOORVERVOER✓

Suid-Afrika het ‘n uitgebreide spoorwegnetwerk wat stede en ander hoofsentrums met mekaar verbind. Treinvervoer het egter die afgelope paar jaar minder gewild geword en minder dienste word aangebied.

Gewilde treine:

Gautrein – hoëspoed-passasierstrein in Gauteng wat Johannesburg, Pretoria en OR Tambo Internasionale lughawe met mekaar verbind

Bloutrein – ‘n Vyfster luukse toeriste-trein, word beskryf as ‘n hotel op wiele.

Rovos Rail – Luukse trein ook bekend as die Trots van Afrika✓✓

LUGVERVOER✓

Lugvervoer word verdeel in geskeduleerde en ongeskeduleerde vlugte.

Geskeduleerde vlugte het ‘n vasgestelde vertrek- en aankomstyd. Belangrike lugdienste soos Mango, Kalula, FlySafair, British Airways en Suid Afrikaanse Lugdiens (SAL), maak gebruik van geskeduleerde vlugte.Ongeskeduleerde of gehuurde vlugte maak nie gebruik van vasgestelde tydroosters (skedules) nie.

Gehuurde vlugte gebruik gewoonlik kleiner vliegtuie wat voorsiening maak vir kleiner groepe mense met spesifieke behoeftes. ✓✓

WATERVERVOER✓

Die toerisme bedryf het drie hoofvorme van watervervoer:

Passasierskepe, ✓ gehuurde bote✓ en seiljagte. ✓

Passasierskepe, ook bekend as oseaanskepe, is groot skepe wat dikwels beskryf word as hotelle op water. Behalwe akkomodasie, bied hulle ‘n wye verskeidenheid aktiwiteite en vermaak aanboord soos films, teaterproduksies, casino’s, winkels en boetieks. Passasierskepe stop onderweg by hawens sodat passasiers van die skepe kan afklim en verskillende bestemmings kan besoek. Dit bied alles-insluitende vakansie aan. ✓✓

BUITENGEWONE (ONGEWONE) VERVOERMIDDELS

Toerisme handel oor ‘n verskeidenheid ervarings; daarom bied bestemmings unieke vervoermiddels waarvan toeriste sal hou, soos

Warmlugbalonne✓

Fietsry✓

Riksja (Rickshaws) ✓

Donkiekar ritte✓

VERSKILLENDE SOORTE AKKOMMODASIE

Verskillende soorte akkommodasie-ondernemings

• **Formele diens akkommodasie**: ✓ hotelle, oorde en lodges op wildplase (safarigastehuise)

• **Gaste-akkommodasie**: ✓ safarigastehuise, gastehuise, bed-en-ontbyt (B&Os)

• **Selfsorg-akkommodasie**✓- chalets, huise, kothuise, woonstelle

• **Karavaanparke en kampering**: ✓ Woonwaens, kampeervoertuie, kampeerterreine en tente.

• **Hostelle (koshuise) en jeugherberge vir rugsakreisigers ("backpackers")** ✓

Fasiliteite en dienste

Verskillende soorte akkommodasie bied verskillende fasiliteite en dienste aan.

FASILITEITE

Fisiese dinge waarvan die toeris gebruik kan maak✓. voorbeelde:

Swembaddens, toerusting vir gimnasiums, restaurante, geskenkwinkels, Wi-Fi✓

DIENSTE

Wat die onderneming die toeriste kan bied voorbeelde /n

Kamerdiens, wasgoeddiens, 24-uur sekuriteit, begeleide staptogte, wildbesigtigingsritte, vervoer✓

Hotelle kan wissel van luukse vyfster-ondernemings tot goedkoop hotelle. Sommige hotelle behoort aan internasionale hotelkettings; ander behoort aan Suid-Afrikaanse hotelgroepe bv. Die Protea hotelle of kleiner hotel groepe in privaatbesit.

Lodges en lodges op wildsplase

Dit is gewoonlik in ‘n natuurlike omgewing geleë. ✓Luukse oorde is van ‘n baie hoë standaard en die tariewe sluit alle etes en sommige aktiwiteite soos wildbesigtigingsritte of plaaslike toere, in. ✓

Gastehuis akkommodasie

‘n Gastehuis kan ‘n huis of gebou wees wat oornagverblyf bied. ✓

Bed-en-ontbyt(B&O), is slaapkamers in ‘n privaat huis. Die tarief sluit slegs ontbyt en verblyf in. ✓

Selfsorgakkommodasie

Instellings wat slegs slaapplek bied. ✓

Chalets, kothuise, rondawels of hutte is dikwels op ‘n plaas, ‘n oord, nasionale park of natuurreservaat geleë. Plaashuise kan ook omskep word in toeristeverblyf. Woonstelle is vakansiewoonstelle wat aan toeriste verhuur word. ✓

Karavaan en kampeerterreine

Hierdie tipe akkommodasie wat regoor Suid-Afrika voorkom, is goedkoper as selfsorgakkommodasie. ✓

“Glamping”

Is ‘n vorm van kampeer wat akkommodasie en geriewe insluit wat luukser is as dié wat tradisionele kampeerplekke bied. ✓

Koshuise en Jeugherberge

Hierdie tipe akkommodasie bied gewoonlik gemeenskaplike (gedeelde) fasiliteite wat slaapsale kan insluit. ✓ (‘n Slaapsaal is ‘n gebou wat slaapplek bied vir groot getalle mense soos in koshuise, hoërskool-, kollege- of universiteitstudente) ✓

Die Suid-Afrikaanse Graderingstelsel vir akkomodasie-ondernemings

Die Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika (TGCSA) is verantwoordelik vir die gradering en gehalteversekering van akkommodasie-instellings. ✓

Die TGCSA beoordeel die instelling volgens vasgestelde kriteria en kan dan aan die instelling ‘n aantal sterre toeken, afhangend van hul fasiliteite en dienste. ✓

Baie ondernemings gebruik hul stergradering om hul besigheid te bevorder/adverteer en dit word gewoonlik by die ingang van die perseel vertoon.

Voordele van die verblyfgraderingstelsel …

Vir die toeris

Toeriste weet wat hulle kan verwag om ‘n ingeligte keuse/besluit oor die onderneming te maak. ✓

Toeriste sal toesien dat die akkommodasie in hul behoeftes voorsien. ✓

Toeriste kan die kliënte-terugvoeringstelsel op die TGCSA-webwerf gebruik om swak diens te rapporteer, om te verseker dat hulle goeie waarde vir hul geld kry. ✓

Vir die akkommodasie-onderneming/instelling

As die onderneming ‘n stergradering het, sal die besigheid op die TGCSA-webwerf verskyn. ✓

Hulle kan hul stergradering in advertensies gebruik. ✓

Hulle kan terugvoer kry van die TGCSA oor hoe goed die instelling presteer en word gewaarsku oor klagtes en aanbevelings van klante. ✓

Die akkommodasiesektor gebruik spesifieke woorde en terme om fasiliteite, dienste en tariewe te beskryf. Wanneer jy 'n bespreking maak of akkommodasie kies, is dit belangrik om te weet wat die verskillende terme beteken om 'n ingeligte besluit oor die fasiliteite, pryse en dienste te neem. ✓

dubbelkamer

Dit is 'n kamer wat vir twee mense geskik is. Dit het gewoonlik een dubbelbed (of groter), of twee enkelbeddens, of twee dubbelbeddens (of groter). ✓

dubbel-kamer met twee beddens (“twin”)

‘n Kamer met twee beddens wat slaapplek vir twee mense bied, met twee enkelbeddens of twee dubbelbeddens. ✓

gesinskamer

’n Kamer met een dubbelbed of twee enkelbeddens vir ouers, en een of meer beddens vir kinders. ✓

suites

Dit kan uit twee aparte kamers bestaan, of een kamer wat in 'n aparte woon- en slaaparea verdeel is. ✓

en suite

Dit beskryf 'n slaapkamer met sy eie privaat badkamer. ✓

dakwoonstel

Dit is 'n luukse woonstel wat op die boonste verdieping van 'n hotel of gebou gevind word. ✓

per persoon

Tarief wat per person gehef word ✓

per persoon wat deel

Tarief wat per persoon wat deel gehef word✓

ten volle inklusief

Die prys sluit verblyf, etes en enige aktiwiteite wat aangebied word, in. ✓

enkeltoeslag

Dit is 'n ekstra koste indien een persoon 'n dubbelkamer vir himself/haarself verkies. Dit word dikwels gebruik vir groepbesprekings waar daar van toeriste verwag word om kamers te deel. ✓

pp

per persoon✓

pps

per persoon wat deel✓

pppn

per persoon per nag✓

pppd

per persoon per dag✓

Kontinentale ontbyt

‘n Ontbyt wat gewoonlik (as minimum) uit warm drankies, graankos, jogurt, vrugte, vrugtesappe, brood en / of ander fyngebak en konfyte bestaan. Word soms ook met sap, kaas en koue vleise bedien. ✓✓

Engelse ontbyt

‘n Volledige warm ontbyt wat gewoonlik spek, eiers, wors, biefstuk, tamatie, sampioene, graankos, jogurt, brood, vrugte, vrugtesap en warm drankies insluit. ✓✓

a’ la carte

‘n Ete waar die items op 'n spyskaart gelys en geprys word, en afsonderlik bestel word.✓

buffet

'n Informele manier om 'n maaltyd voor te sit. Die gange (verskillende soorte kos) word aantreklik uitgestal (gewoonlik op lang tafels) en gaste skep self hulle kos. Kelners dek die gebruikte borde agterna af. ✓✓

kamerdiens

‘n Diens waar 'n gas kos en drank kan bestel wat in die kamer afgelewer word. ✓

Konsepte en terminologie wat in voedsel- en drankondernemings en die attraksiesektor gebruik word

Die voedsel- en dranksektor en die attraksiesektor gebruik spesifieke woorde en terme om te beskryf wat hulle ten opsigte van voedsel, drank, fasiliteite en dienste aanbied. Wanneer toeriste uiteet of attraksie wil besoek, moet hulle weet wat die verskillende terme beteken om 'n ingeligte besluit te neem oor die voedsel- en drankbedryf of besienswaardigheid wat hulle wil besoek. ✓✓

Voedsel- en drankondernemings: konsepte en terminologie

Volle-diens restaurante sluit fynproewer- en familierestaurante in wat kos en alkohol bedien. ✓

Fynproewer restaurant: 'n eetervaring wat meer formeel, gesofistikeerd en duurder is met meer gange as die gemiddelde **gesinsrestaurant** bv SPUR. ✓

Koffiewinkels

‘n Koffiewinkel bedien verskillende soorte koffie (bv. Espresso, latte, cappuccino) of koue drankies soos yskoffie / tee. Sommige bedien ook ligte versnaperinge, toebroodjies en muffins. ✓✓

Kitskos / vinnige diens

Restaurante wat voorsiening maak vir klante wat nie altyd tyd het om by ‘n tafel te sit om vir hulle ete te wag nie. Die spoed waarteen diens gelewer word, is belangrik om kliënte te bedien. ✓✓

Roomyswinkels

Plekke wat roomys, gelato, sorbet en / of bevrore jogurt verkoop. ✓✓

Kosstalletjies en straatmarkte

Kosstalletjie: 'n tydelike buitestruktuur vir die voorbereiding en verkoop van voedsel aan die algemene publiek. ✓✓

Straatmark: is 'n versameling straatstalletjies wat verskillende soorte kos verkoop. ✓

Kroeë / tavernes en sjebiens

Die hooffunksie van hierdie ondernemings is die bediening van alkoholiese drankies wat op die perseel gedrink word. Sommige van hierdie ondernemings verkoop ligte versnaperinge of etes saam met alkoholiese drankies. ✓✓

Die Attraksiesektor en sy subsektore

Dobbel en loterye

Aktiwiteite wat dobbel in casinos, beperkte-uitbetalingsmasjiene, sportweddenskappe, bingo en die nasionale lotery insluit.

Ontspanning

Enige aktiwiteit waar tyd weg van die werk, huishoudelike take en onderwys, insluitend eet en slaap, bestee word. ✓✓

Bewaring

Natuurbewaringsaktiwiteite betrek toeriste wat lief vir die natuurlewe en passievol oor die omgewing is. ✓✓

Sport en tydverdryf

Tydverdryf:

'n Aktiwiteit wat deel vorm van ontspanning en word dikwels gedoen vir genot, vermaak, plesier of pret. Deelname aan sport kan 'n tydverdryfaktiwiteit wees. ✓✓

Gebeurtenisse en konferensies

Konferensie: 'n Byeenkoms van mense met 'n gemeenskaplike belang of agtergrond, met die doel om mekaar te ontmoet en om kwessies, idees en werk te bespreek wat op 'n onderwerp van wedersydse belang fokus. ✓✓

Gebeurtenis: 'n Beplande openbare of sosiale geleentheid vir viering, opvoeding, bemarking of reünie. ✓

Tipes Toeriste Attraksies

Mensgemaak

Attraksies wat deur die mens gemaak word. ✓

Natuurlik

Attraksies wat deel uitmaak van die natuur - nie deur die mens geskep nie. ✓

Primere en Sekondere Attraksies

Tafelberg is die belangrikste trekpleister (die attraksie wat die toeris besoek). Terwyl hulle die berg besoek, kan hulle aktiwiteite doen soos bergfietsry, kabelkar ry, bergklim, valskermsweef, ens. (Dit word sekondêre attraksies genoem) ✓✓